higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

18 Februarie 2025

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 (a) in interaksie te tree
(b) doelstellings (2)

1.2 (a) administratief
(b) Hoofstuk 9
(c) semistaatsinstellings (3)

1.3 (a) Wet 41 van 2003
(b) oorerflik tradisionele
(c) bestuur (3)

1.4 (a) transformasie
(b) bekwame (2)
[10]

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Waar
2.5 Waar
2.6 Onwaar
2.7 Onwaar
2.8 Waar
2.9 Onwaar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 I
3.2 D
3.3 K
3.4 F
3.5 A
3.6 B
3.7 J
3.8 C
3.9 E
3.10 G

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 *Bestuur* is die manier waarop ’n staat bestuur, georganiseer en beheer word.

Ons kan dit omskryf deur te sê dat bestuur die volgende beteken:
- Die handhawing van wet en orde
- Die verdediging van die samelewing teen eksterne vyande
- Die bevordering van die welstand van die groep, gemeenskap, samelewing of staat (Enige 4 × 1) (4)

4.2
- ’n Nasionale of provinsiale departement soos gedefinieer in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur 1 van 1999
- ’n Munisipaliteit soos in die Grondwet uiteengesit
- Parlement
- ’n Provinsiale wetgewer
- ’n Grondwetlike instelling gelys in Bylae 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Enige 3 × 1) (3)

4.3
- Koningskap of koninginskap
- Primêre (‘principal’) tradisionele leierskap
- Senior tradisionele leierskap
- Hoofmanskap (4)

4.4 Maatskaplike buitestaatlike verhoudings is betrekkinge wat ontstaan wanneer die staat by welsynsake betrokke is, soos werkloosheid, behuisingstekorte of ander maatskaplike verskynsels. (Enige 2 × 1) (2)

4.5
- Die voorkoming en bestryding van misdaad
- Misdaadondersoek
- Die beveiliging van lewe en eiendom
- Die handhawing van interne stabiliteit en veiligheid (4)

Kopiereg voorbehou

4.6 Die Departement van Korrektiewe Dienste is een van die departemente wat deel van die strafregsplegingstelsel uitmaak. Nadat ’n oortreder in ’n hof skuldig bevind en gevonnis is, word hy of sy tronk toe gestuur om sy of haar vonnis uit te dien. Die Departement van Korrektiewe Dienste is die verantwoordelike staatsdepartement om oortreders in veilige aanhouding te hou, te rehabiliteer, op te lei, hulle in die samelewing te herintegreer, en seker te maak dat hulle nie ná hul vrylating weer in misdaad verval nie.

Die doeltreffendheid waarmee die Departement sy pligte uitvoer, sal uiteindelik bepaal of ’n veroordeelde misdadiger gerehabiliteer en by die samelewing herintegreer sal word, en of hy of sy weer in misdaad sal verval. Effektiewe tronkstraf sal dus óf ’n voorkomende uitwerking op ’n misdadiger hê, en hom of haar daarvan weerhou om na misdaad terug te keer, óf dit kan as ’n opleidingsentrum dien vir nuwe en beter maniere en metodes om misdaad te pleeg sonder om gevang te word. Effektiewe samewerking en kommunikasie tussen die SAPD en die Departement van Korrektiewe Dienste is dus uiters belangrik. (Enige 3 × 1) (3)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 By sy eerste sitting nadat dit verkies is – en wanneer dit ook al nodig is om ’n vakature te vul – moet ’n provinsiale wetgewer ’n persoon uit sy geledere verkies om die premier van die provinsie te wees. ’n Regter aangewys deur die Hoofregter moet die verkiesingsverrigtinge lei. (Enige 4 × 1) (4)

5.2 Die premier oefen die uitvoerende gesag saam met die ander lede van die uitvoerende raad uit deur die volgende funksies te verrig:

- Inwerkingstelling van provinsiale wetgewing in die provinsie
- Inwerkingstelling van alle nasionale wetgewing in die funksionele gebiede wat in Bylae 4 of 5 gelys word, behalwe waar die Grondwet of ’n Parlementswet anders bepaal.
- Administrasie van nasionale wetgewing wat buite die funksionele gebiede val wat in Bylae 4 en 5 in die provinsie gelys word, waar die administrasie van die wetgewing ingevolge ’n parlementswet aan die provinsiale uitvoerende gesag toegewys word.
- Ontwikkeling en inwerkingstelling van nasionale beleid
- Koördinering van die funksies van die provinsiale administrasie en sy departemente
- Voorbereiding en aanvoring van provinsiale wetgewing
- Uitvoering van enige ander funksie wat ingevolge die Grondwet of ’n Parlementswet aan die provinsiale uitvoerende gesag toegewys is

(Enige 10 × 1) (10)

[14]

VRAAG 6

6.1
- Die politieke vlak
- Die uitvoerende vlak
- Die administratiewe vlak
- Die operasionele vlak (4)

6.2 Die politieke vlak
Die politieke vlak omvat die verkose politieke ampsdraers wat beleid maak (d.i. die raad) en is direk aanspreeklik teenoor die gemeenskap vir alle besluite wat rakende daardie beleid geneem word.

Die uitvoerende vlak
Die uitvoerende vlak omvat die senior plaaslike beamptes in plaaslike regering, insluitend die munisipale bestuurder en die afdelingshoofde wat as adviseurs vir die politieke vlak optree en nuwe beleide inisieer en veranderinge aan bestaande beleide aanbring.

Die administratiewe vlak
Die administratiewe vlak omvat daardie munisipale werknemers wat middelbestuursposisies beklee en hoofsaaklik vir die formulering van administratiewe beleide verantwoordelik is. Hierdie beamptes het ook die verantwoordelikheid om die resultate van bestaande beleide te monitor en besluite in werking te stel rakende die implementering van resolusies wat op die politieke en uitvoerende vlakke geneem word.

Die operasionele vlak
Die operasionele vlak omvat die munisipale werknemers op die laer vlakke van die hiërargie. Dit is hierdie werknemers se verantwoordelikheid om te verseker dat die toegewese werk uitgevoer word om die doelwitte van die beslissings wat op die hoër vlakke aanvaar word, te verwesenlik. (Enige 3 × 4) (12)
[16]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

JA✓

- Deur enige verdagte aktiwiteite of optrede✓ in hul gebiede waar te neem en dit so gou moontlik✓ by die polisie aan te meld Dit vind op ’n vrywillige grondslag plaas. Wetsgehoorsame burgers behoort dit as hul plig en verantwoordelikheid te beskou.✓
- Deur by die Suid-Afrikaanse Polisiereserviste aan te sluit.✓ Reserviste ontvang opleiding nadat hulle aangestel is.✓ Daarna word polisieuniforms en ’n pistool aan hulle uitgereik, en hulle gaan fisiek na die polisiekantoor en werk saam met permanente polisielede in ’n patrollievoertuig.✓
- Deur by die gemeenskapspolisiëringsforum (GPF)✓ aan te sluit, in die forum te dien en vergaderings by te woon.✓ Op hierdie manier help hulle die polisie om probleemgebiede✓ te identifiseer en misdade in ’n gebied te prioritiseer.✓ Dit help ook die polisie om te fokus op die oplossing van gemeenskapsprobleme in daardie gebiede,✓ en om die lewensgehalte van die mense in die gemeenskap te verbeter.✓
- Deur as informante vir polisiemisdaad-ondersoekers op te tree✓ nadat misdade gepleeg is✓ en sodoende misdaadondersoekers te help om misdade suksesvol op te los.✓
- Deur by hul gebied se private buurtwag aan te sluit.✓ Dit is ’n inisiatief waar inwoners van ’n spesifieke woongebied kragte saamsnoer✓ en hul woongebied op gereelde grondslag patrolleer.✓ Sodoende maak hulle inwoners sensitief✓ vir en bewus van✓ misdade wat in hul gebied gepleeg word,✓ wat en vir wie hulle op uitkyk moet wees,✓ hoe die misdadigers optree,✓ dae van die week✓ en tye van die nag of dag✓ wanneer misdade gepleeg word,✓ ens. Hulle dra enige inligting wat hulle tydens hierdie patrollies insamel aan die polisie oor.✓ **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou